

**Maandag 19 September**

**Skrifgedeelte: Openbaring 19:11-21**

**Fokusgedeelte: Openbaring 19:15, 16 (AFR83/20)**

### **Oorwinningsfees van Armageddon**

In Openbaring 19:5-10 word die Bruid van die Here, sy kerk, opgeroep om voor te berei vir die bruilofsmaal van die Lam. 'n Nuwe dag van vreugde, dankbaarheid en blydschap het uiteindelik aangebreek. Die tyd van die groot verdrukking is verby. Hierdie grootse oomblik het die apostel Johannes só oorweldig en in verwondering gelaat dat hy ekstasies voor 'n engel op sy knieë neerval en dié vir hom moes sê: *“Pas op, moenie! ... Aanbid God!”*

Vir 'n tweede maal weerklink daar 'n uitnodiging tot 'n groot feesmaal! 'n Tafel word gedek vir al die roofvoëls van die aarde. Armageddon het aangebreek en Jesus Christus – die Ruiters op 'n wit perd, met die leërs in die hemel – kom in glorie en heerlijkheid aangestorm om te oorwin!

Wat 'n indrukwekkende gesig! Die Koning van die konings, die Here van die heersers bring die finale oordeel oor die vyande van sy kerk en koninkryk. Die finale slag is oorweldigend! Niemand word gespaar nie. Met die swaard uit sy mond – sy goddelike Almagtswaard – word die goddelose mensdom getref. Die antichris en die valse profeet word in die hel gewerp. In Openbaring 20:2 word ook Satan gebind. En die gelowiges se gebed, *“Maranata, kom Here Jesus, kom tog gou”*, gaan uiteindelik in vervulling.

Wat 'n heerlike vooruitsig en troos vir jou en my! Christus is onstuitbaar en onweerstaanbaar in sy triomftog. Aan Hom, en Hom alleen, behoort alle mag en gesag in die hemel en op aarde. In Hom is ons meer as oorwinnaars – eendag, ja, maar nou reeds deur die krag van die geloof. Mag God die Heilige Gees altyd ons harte op Christus se triomf en koninklike heerskappy vestig – veral nou in hierdie onsekere tye waarin ons leef.

*Sing: Skrifberyming 31:1, 2 (7-1)*

*Ds. CJ Nagel (Innes) (Louis Trichardt)*